

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Parashah 51: *Nitzavim* (נצבים) – Wanneer Jy Staar

Onderhou dan die woorde van hierdie verbond en volbring dit, sodat julle voorspoedig kan uitvoer alles wat julle doen. Deut. 29:9

Torah : Deut. 29:9 tot 30:20

Haftorah: Jes. 61:10 tot 63:9

Nuwe Verbond: Luk. 24:1 tot 12; Hebr. 8:7 tot 12; Rom. 1:18 tot 25; Rom. 2:28 en 29; Kol. 2:11; Rom. 10:6 tot 8; Joh. 10:1 tot 5; Open. 22:18 tot 20; Open. 3:5.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 50 wat afgelaai kan word by: [Parashah51Notas14](#) of deur dit aan te vra by kontak@nuwelielied.info.

In his book 'Radical', David Platt hit the nail on the head when he wrote, "Radical obedience to Yeshua is not easy. ... It's not comfort, not health, not wealth, and not prosperity in this world. Radical obedience to Yeshua risks losing all these things. But in the end, such risk finds its reward in Yeshua. And He is more than enough for us." Rev. 4:10-11 clarifies that we were created to give God pleasure, not the other way around


Midrash (Torah Bespreking)

Torah: Gen. 1:1 tot Open. 22:21

Gelowiges is meestal geneig om Torah slegs as die eerste vyfboeke van die Skrifte te beskou. Maar ons moet egter onthou dat die enkelwoord betekenis van Torah is *onderrig* of *instruksie* en is vergelykbaar met die liefdevolle onderrig en instruksies van 'n vader. Die definisie van Torah is egter nie beperk tot die eerste vyfboeke van Moses nie! Nee! YHVH se Torah strek vanaf Genesis 1:1 tot Openbaring 22:21! Dit is al die onderrig, instruksies en wysheid van YHVH soos in die Afgesonderde Skrifte opgeteken is.

Torah bevat ook die gedagte om rigting aan te dui. Die ware definisie van Torah is dus al die onderrig, instruksies en wysheid van YHVH soos in die Skrifte van die ou verbond (die *Tanakh*) en in die Skrifte van die nuwe verbond (die *Brit Chadashah*) opgeteken is en wat vir gelowiges die rigting (pad) aandui.

Ons moet die geheel prentjie sien, naamlik dat Genesis en Openbaring 'ontmoet' mekaar weer teen die einde. Dit is 'n geval van: *Eden lost; Eden restored!*



[Skematiese uiteensetting met erkenning aan Gerrie Coetzee, www.padwlewe.ch: en padwlewe@yahoo.com]

Rabbynse Judaïsme kan nie hierdie geheelprentjie sien nie, want hulle verwerp Yeshua as Messias, asook die Skrifte van die nuwe verbond. Daarom probeer hulle om alle Skrifverklarings en profesieë binne die raamwerk van die Skrifte van die ou verbond in te pas! Rabbynse Judaïsme sien nie die volle waarheid van YHWH se plan van herstel nie!

Hierdie hou groot gevaar in vir mense wat so vasgevang en bekoor word deur Rabbynse Judaïsme se fokus op die Skrifte van die ou verbond, en veral op die eerste vyf boeke van Moses, dat hulle die Skrifte van die nuwe verbond begin 'verwaarloos' en uiteindelik bevraagteken! Hierdie is 'n duidelike teken van die eerste tree om te Judaïseer en om Yeshua uiteindelik te verloën.

Sommige sal ten volle Judaïseer en Yeshua van die nuwe verbond verwerp, terwyl ander die Karakter en Outoriteit van Yeshua volgens hulle eie geloofsoortuiging sal 'aanpas' en sodoende 'n ander Yeshua verkondig as die Skrifte van die nuwe verbond. Daarom moet ons luister na wat Paulus in die verband skryf:

Ek wens julle wil my net 'n kort rukkie verdra terwyl ek in dwaasheid praat! Verdra my tog maar,
want ek is jaloers oor julle met God se jaloesie, want ek het julle afgegee om te trou met Een Man; om julle as 'n rein maagd aan Die Gesalfde Een voor te stel,
maar ek is bang dat, net soos die slang vir Havah deur sy listigheid mislei het, julle denke net so korrup gemaak is, weg van die eenvoudigheid wat by Die Gesalfde Een is,
want as iemand kom en 'n ander Yeshua verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander goeie boodskap as wat julle ontvang het, kan julle maklik oortuig word. 2 Kor. 11:1 tot 4 – PWL¹.

Ons moet onself voortdurend daaraan herinner dat Rabbynse Judaïsme nie YHWH se geregtigheid ken nie! Soos Paulus dit in sy brief aan die Romeine duidelik stel:

My broers, die begeerte van my verstand, wil en emosie en my intrede voor God vir hulle, is vir hulle onthalwe dat hulle gered mag word, want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir God in hulle het, maar nie in kennis nie, omdat hulle die onpartydige opregtheid (geregtigheid) van God nie ken nie, maar hulle eie onpartydige opregtheid probeer oprig; daarom het hulle die onpartydige opregtheid van God nie gehoorsaam nie, Rom. 10:1 tot 3 – PWL.

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch: of kontak vir Gerrie Coetzee by padwlewe@yahoo.com

Ons moet besef dat Rabbynse Judaïsme is **nie** die Weg na die Waarheid wat Lewe gee nie (Joh. 14:6), maar dit is die weg na die leuen wat geestelike dood bring. Daarmee ontken ek nie dat ons veel kan leer by Rabbynse Judaïsme nie, maar ons moet die Afgesonderde Gees vertrou om ons te help om die vis van die grate te skei. Ons moet onthou wie die Boom van die Lewe is! Ons moet lewe kies!!

Ek roep die hemel en die aarde vandag as getuies teen julle; dat ek lewe en dood voor julle geplaas het, die seën en die vloek. Kies dus die lewe sodat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur יהוה, jou God, lief te hê, deur Sy stem te gehoorsaam en aan Hom vas te hou, want dit is jou lewe en die lengte van jou dae sodat jy kan woon in die land wat יהוה aan jou vaders Avraham, Yitz'gak en Ya'akov met 'n eed beloof het om dit aan hulle te gee.” Deut. 30:19 en 20 – PWL.

Bepeins of Bespreek

1. Wat beteken dit om te Judaïseer? Die werkwoord *Judaïseer* is afgelei van Judaïsme. Kortliks gestel beteken Judaïseer om Judaïsme te beoefen. 'n Eenvoudige definisie van Judaïsme is *die geloof (godsdiens) van die Jode*, en volgens Joodse tradisie kan die oorsprong daarvan teruggevoer word na Abraham. Tradisionele Judaïsme van die ou verbond moet egter onderskei word van hedendaagse Rabbynse Judaïsme wat afkomstig is van Fariseïese Judaïsme (*Pharisaic Judaism*) wat gedurende die tyd van Yeshua en die apostels aan die orde van die dag was.
2. Judaïsme het geen formele leerstellings nie, maar wel 13 beginsels waarop dit gekoei word en waaraan voldoen moet word (<http://www.jewfaq.org/beliefs.htm>). Hierdie 13 beginsels sluit ondermeer die volgende in:
 - Die geskrewe Torah (die eertse vyf boeke van die Skrifte) en die mondelinge Torah (Talmud en ander geskifte) is deur YHVH aan Moses gegee.
 - YHVH sal die mens vergoed volgens sy dae (werke). Goeie werke sal vergoed word en bose werke gestraf word.
 - Die Messias sal kom.

Min gelowiges (Christene en Messiane) verstaan of besef die gevare van Rabbynse Judaïsme, soos byvoorbeeld hulle siening van wie die Messias is, en is daarom vatbaar vir hierdie misleiding. Is jy een van hulle?

There are two ways to be fooled. One is to believe what is not true. The other is to refuse to accept what is true – Soren Kierkegaard.

Yeshua En Die Torah Van Die Nuwe Verbond.

Ek sluit nie nou hierdie verbond en hierdie eed met jul alleen nie, maar beide met hulle wat vandag hier saam met ons voor die Teenwoordigheid van יהוה, ons God, staan én met die wat nie vandag hier saam met ons is nie. Deut. 29:14 en 15 – PWL.

Ons elkeen was ook teenwoordig toe Israel in die teenwoordigheid van YHVH by die berg Sinai gestaan het en op die verbondsvoorwaardes geantwoord het deur te sê: *Alles wat YHVH gespreek het sal ons doen en daarna luister* (Ex. 24:7). Soos ons deel is van die verbond wat

YHVH met Abraham gesluit het, so is ons ook deel van die verbond wat YHVH by die berg Sinai – die verbond van die wet – met Israel gesluit het.

Paulus bevestig in sy brief aan die Efesiërs dat in Yeshua is ons deel van die **verbonde** (Efes. 2:12). Ons wat vervreemd was van die burgerskap (*commonwealth*; statebond) van Israel, en vreemdelinge ten aansien van die **verbonde** van die belofte, het nou deur vertroue in Yeshua deel van YHVH se volk (die ware Israel) geword en is ons ook deel van die nuwe verbond. En soos Moses die stem van YHVH van die ou verbond was, so is Yeshua die profeet van die nuwe verbond na wie se stem ons moet luister.

Daarom: Wanneer ons die Torah (Woord) bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. **Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!**

Nie dat ons uit onself genoeg is om enige iets van onself te dink nie, maar ons krag is uit God, wat ons waardig gemaak het om bedienaars van die nuwe verbond te wees, nie deur wat geskryf is nie, maar deur die Gees, want die geskrewe woord maak dood, maar die Gees gee lewe. 2 Kor. 3:5 en 6 – PWL.

Ons vertroue in Yeshua as die Messias maak van ons elkeen waardige bedienaars van die nuwe verbond; nie volgens wat geskryf is nie, *maar deur die Gees, want die geskrewe woord maak dood, maar die Gees gee lewe*. Hiermee bedoel Paulus nie dat die ou verbond en die nuwe verbond teenoorgesteldes van mekaar is nie. Nee, maar dat die ou verbond slegs die skaduwee is van dit wat in die nuwe verbond openbaar en bevestig word.

Luister nou ook aandagtig na hierdie woorde van Paulus:

Nou, my broers, is julle ook dood vir die geskrewe wet, deur die liggaam van Die Gesalfde Een, om aan 'n ander te mag behoort, naamlik aan Hom wat uit die dood uit opgestaan het sodat julle vir God vrugte kan dra, want toe ons in die ou natuur was, het die siektes van die sonde wat deur die geskrewe wet kom, ywerig in ons lede gewerk om vir die dood vrugte te dra, maar nou is ons vrygespreek van dié geskrewe wet en het ons dit wat ons beheer afgesterf sodat ons van nou af slawe is van wat nuut is uit die Gees en nie van die oue wat uit die geskrewe letter is nie. Rom. 7:4 tot 6 – PWL.

Wat bedoel Paulus wanneer hy skryf: *Nou, my broers, is julle ook dood vir die geskrewe wet, deur die liggaam van Die Gesalfde Een?* Bedoel Paulus daarmee dat ons nou vry van Torah (die wet) is? Nee!! Paulus tref hier 'n vergelyking met 'n vrou wie se man gesterf het en sy volgens Torah wetlik die reg het om met 'n ander man te trou!

Torah was die eggenoot tot Yeshua gekom het. Maar nou het daardie eggenoot, naamlik die Torah van Moses gesterf, en derhalwe kan die vrou wettig met die Torah van Yeshua trou en onderdanig wees aan haar 'nuwe' eggenoot (bruidegom). Daarom skryf Paulus dat ons, naamlik ons as die bruid, nou aan 'n ander mag behoort, naamlik aan Hom (Yeshua) wat uit die dood uit opgestaan het sodat ons vir God vrugte van gehoorsaamheid aan die Woorde (die Torah) van Yeshua kan dra wat by ons bekering pas. Onthou wat Moses gesê het, naamlik:

Ek sal vir hulle 'n profeet soos jy laat opstaan uit die midde van hulle broers en Ek sal My woorde in sy mond lê en hy sal aan hulle sê alles wat Ek hom beveel. Dit sal wees dat Ek dit

self sal eis van die man wat nie luister, hoor en My woorde doen, wat hy in My Naam (Karakter en Outoriteit) praat nie. Deut. 18:18 en 19 – PWL.

Die profeet wat uit die midde van Israel opgestaan het, was Yeshua en na Hom moet ons nou luister, want Hy het gekom om die Torah van YHVH te bevestig soos dit van die begin af was toe dit onder die Meligisedek priesterorde gefunksioneer het! En YHVH is duidelik dat dit sal wees dat Hyself sal eis van die man wat nie luister, hoor en Yeshua se woorde doen, wat hy in YHVH se Naam (Karakter en Outoriteit) praat nie.

Yeshua antwoord en sê vir hom: “As iemand My liefhet, sal hy My boodskap gehoorsaam en My Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom blyplek maak. Hy wat My nie liefhet nie, gehoorsaam nie My boodskappe nie en hierdie boodskap wat julle hoor, is nie Myne nie, maar is van die Vader af wat My gestuur het. Joh. 14:23 en 24 – PWL.

Paulus skryf dat ons vrygespreek is van die geskrewe wet (Rom. 7:6) en daarmee bedoel hy ook nie dat ons vry is van die wet nie! Nee, ons is vry van die wet wat ons voortdurend aankla, oordeel en vonnis, want ons skuldbrief is aan die kruis vas genaai (Kol. 2:14). Ons is nou deur vertrouwe in Yeshua as Messias vrygespreek (ons het dit afgesterf) van daardie geskrewe wet sodat ons van nou af slawe is van wat nuut is uit die Afgesonderde Gees en nie van die oue wat uit die geskrewe letter is nie.

Yeshua is die einde (die einddoel – Rom. 10:4) van daardie gedeelte van die wet wat ons gevange gehou het. Daar is nou weggedoen met die seremoniële wette wat slegs ‘n skaduwee en sinnebeeld was van die geestelike werklikheid wat nou in Yeshua vervul is. Die Levitiese priesterorde is vervang met die Melgisedek priesterorde. Ons is priesters in die geestelike Koninkryk van YHVH met ons Ewige Hoëpriester wat aan die regterhand van YHVH sit. Ons dien YHVH nie meer volgens die fisiese nie, naamlik nie volgens die letter van die wet nie, maar volgens die geestelike van dit wat in Yeshua vervul is.

Die beginsels vervat in Moses se Torah is egter steeds geldig, maar in Yeshua Messias is ons fokus nie op die letterlike (fisiese) van Torah nie, maar op die geestelike soos in Yeshua vervul is. Daarom is ons nou gehoorsaam aan die Torah van ons Messias² – die vervulling van die Torah van Moses. Hierdie is steeds die Torah van YHVH! Hierdie verandering in Torah onder die nuwe verbond moet gesien word as ‘n terugkeer na dit wat van die begin af daar was! Yeshua as Messias bevat die hele Torah van Moses en die Profetiese Woord in ‘n verheerlikte geestelike hoedanigheid.

Daar is daarom geen veroordeling in Yeshua, Die Gesalfde Een, vir dié wat nie in die vlees leef nie, want die wet van die Gees van Lewe, wat in Yeshua, Die Gesalfde Een, is, het jou vrygemaak van die wet van die sonde en van dood, want omdat die wet swak was, deur die sieklike van die vlees, het God Sy Seun in die vorm van die sondige vlees gestuur, as gevolg van sonde, om die sonde in Sy vlees te veroordeel sodat die onpartydige opregtheid van die wet volledig gemaak kon word in ons sodat ons nie na die vlees leef nie, maar na die Gees. Rom. 8:1 tot 4 – PWL

Onthou: Ons is deel van YHVH se plan om alles te herstel soos dit voorheen was – *Eden lost; Eden being restored.*

Onder die ou verbond het die fisiese oor die geestelike geheers, terwyl onder die nuwe verbond heers die geestelike oor die fisiese. Ons moet onthou: Die Hemelse Koninkryk

² Die verskil in die Torah van Moses en die Torah van Yeshua Messias word duidelik uiteengesit in die artikel van Ina van Niekerk wat afgelaai kan word by: [Die Torah Van Die Messias Finaal](#)

(Matt. 3:2; Matt. 4:17) is ‘n geestelike koninkryk wat fisies aan die begin daar was en weer aan die einde fisies op aarde sal funksioneer!

Bepeins of Bespreek

1. Rabbynse Judaïsme is steeds gefokus op die letter van die wet. Dit was in die dae van Yeshua ook so gewees en die gevolg was die uiteindelijke samestelling van die Talmud – die mondelinge Torah wat deur Judaïsme in vele gevalle bo die geskrewe Torah gestel word. Judaïsme fokus op die bediening van die Torah en nie op die bediening van die Afgesonderde Gees nie. Wat is die verskil en die gevolg van hierdie twee bedieninge?

In sy brief aan die Korinthiërs (2 Kor. 3:5 tot 18) vergelyk Paulus die bediening van die wet met die bediening van die Gees. Hy open sy vergelyking van die twee bedieninge met die woorde: *En as die bediening van die dood, met letters op klippe gegraveer, in heerlijkheid was,.... hoeveel te meer sal die bediening van die Gees dan nie in heerlijkheid wees nie* (verse 7 en 8). Paulus verduidelik dat die wet (letters op klip) ooreenkom met die bediening van die dood omrede YHVH se wet die mens aankla, skuldig bevind en vonnis. Daarom is die loon van die sonde die dood (Rom. 6:23). Die probleem is dus nie die wet nie, maar wel die mens wat nie die wet kon onderhou nie.

Paulus sê egter dat hierdie wet het wel met heerlijkheid gekom *sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die aangesig van Moses nie vanweë die heerlijkheid van sy aangesig, wat tog moes vergaan* (vers 7). Hierdie heerlijkheid is die majesteit (prag, glans en grootsheid) van YHVH en van dit wat aan Hom behoort as die koninklike Opperheerser en wat spreek van die absolute volmaaktheid van die Godheid. Die wet, Torah, is dus deel van die heerlijkheid van YHVH en Yeshua Messias. Paulus bevestig dus dat die wet, naamlik die Torah wat YHVH se onderrig en instruksies is, die heerlijkheid, majesteit en volmaaktheid van YHVH is. Hierdie heerlijkheid (prag, glans en grootsheid) was sigbaar op die gesig van Moses tot so ‘n mate dat hy sy gesig moes bedek.

Paulus sê egter dat hierdie heerlijkheid uiteindelik *tog moes vergaan*. Waarom? Dit moes plek maak vir ‘n groter en blywende heerlijkheid. Wat is hierdie heerlijkheid wat groter is as die wet (as Torah)? Dit is Yeshua Messias – die genade van YHVH en die Torah wat vlees geword het (Joh. 1:1 tot 3 en 14). Daarom skryf Paulus dat as die bediening van die dood (die wet, die Torah) met soveel heerlijkheid gekom het *hoeveel te meer sal die bediening van die Gees dan nie in heerlijkheid wees nie? Want as die bediening wat veroordeel, heerlijkheid was, veel meer is die bediening wat regverdig maak, oorvloedig in heerlijkheid* (vers 9).

Wat is *die bediening wat regverdig maak*? Dit is die bediening van die Gees wat lewend maak, naamlik die versoening deur geloof in Yeshua as die Lam van YHVH wat geoffer is as sondevergifnis vir elkeen wat YHVH se wet (Torah) oortree. Dit is om vrygespreek te word van die wet van sonde en die dood en om deel te word van die wet van die genade en lewe in Yeshua. Hierdie bediening het *‘n oorvloedige en als oortreffende heerlijkheid* in vergelyking met *die bediening wat veroordeel*. Yeshua Messias is *die bediening wat regverdig maak*. Dit is ‘n blywende heerlijkheid en nie ‘n verdwynende (verbygaande) heerlijkheid nie. Die bediening wat regverdig maak, naamlik die mens as geregverdig in YHVH verklaar (2 Kor. 5:21), is die **als oortreffende** koninklike majesteit van die Opperheerser wat spreek van die absolute

volmaaktheid van YHVH se liefde, goedheid en genade. Dit oortref in alle opsigte die bediening van die wet! [Die artikel 'Moses se Sluier' kan afgelaai word by: [GB2.Feb13MosesSluier](#)]

Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.